# Wes-Kaap Onderwysdepartement
# Western Cape Education Department
# iSebe leMfundo leNtshona Koloni


| Navrae / Enquiries / iMibuzo | MNR. I.J. MORKEL | Verwysing / Reference / Ubhekiso | 13/2/8/28 | Telefoon / Telephone / iFoni | 403-6911 |
|---|---|---|---|---|---|

| | |
|---|---|
| Kantoor van die / Office of the / i-Ofisi ye | Onderwyshoof |
| Privaatsak / Private Bag / Ingxowa eyoDwa | 9114 |
| Dorp/Stad / Town/City / iDolophi/iSixeko | KAAPSTAD |
| Poskode/Postal Code / iKhowudi yePosi | 8000 |
| Faks / Fax | 419-5967 |
| Datum/Date / Umhla | 13 November 1998 |


AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, HOOFDE VAN SUBDIREKTORATE EN AFDELINGS VAN HOOFKANTOOR, AREA- EN KRINGBESTUURDERS, VAKADVIESDIENSTE EN HOOFDE VAN ONDERWYSINRIGTINGS

OMSENDBRIEF 0145/98

BESOEKE AAN SKOLE DEUR PERSONE UIT DIE PRIVAATSEKTOR

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) ontvang voortdurend versoeke van individue en verteenwoordigers van besighede om skole gedurende skoolure te besoek met die doel om onderhoude met opvoeders te voer, om leerders toe te spreek of om demonstrasies aan te bied.

2. Sodanige versoeke deur individue uit die privaatsektor moet aan die prinsipale of beheerliggame van skole gerig word, wat self moet besluit of die betrokke persone hul skole mag besoek al dan nie.

3. Die WKOD se kommer is egter dat besoeke aan skole gedurende skoolure deur voormelde persone vir die doeleindes soos in paragraaf 1 gemeld, ontwrigtend kan wees en inbreuk kan maak op die werksaamhede van 'n skool. Sulke besoeke behoort derhalwe tot die minimum beperk te word of liefs buite skoolure plaasvind.

4. Versoeke deur instansies en individue van buite om skole te besoek om leerders aan fisiese, psigometriese en skolastiese ondersoeke te onderwerp of om vertroulike inligting oor die leerders of hul gesinne te bekom, moet via die prinsipaal of beheerliggaam aan die Onderwyshoof voorgelê word vir oorweging. Die aanbeveling van die prinsipaal of beheerliggaam moet die aansoek vergesel. Die besluit van die Onderwyshoof sal via die prinsipaal aan die aansoeker oorgedra word. (Sien omsendbrief 0087/1998)

5. Hierdie omsendbrief vervang omsendbrief no. 0018/98, gedateer 13 Februarie 1998.

6. U samewerking word op prys gestel.

HOOF : ONDERWYS